



VKB BELEGGINGS EIENDOMS BEPERK
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasie Nommer: 2011/007000/07)
("VKB")



GRIEKWALAND WES KORPORATIEF BEPERK
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasie Nommer: 1997/022252/06)
("GWK")

UITVOERENDE OPSOMMING MET BETREKKING TOT DIE VOORGESTELDE TRANSAKSIE TUSSEN VKB EN GWK ("Uitvoerende Opsomming")

Verwys na 'Aanhangsel A: Woordelys' op die laaste bladsy van hierdie dokument vir beskrywings van woorde in hoofletters wat nie in die dokument self gedefinieer word nie.

AGTERGROND

Hierdie Uitvoerende Opsomming:

- ✓ **verskaf** 'n wesenlik verkorte en vereenvoudigde opsomming van die voorgestelde fundamentele transaksie (soos omskryf in die Maatskappywet) rakende GWK (die Voorgestelde Transaksie), meer volledig omskryf hieronder, asook die verwante korporatiewe aksies in detail uiteengesit in die Aankondiging wat versprei is op Vrydag, 8 Julie 2022;
- ✓ **is bedoel** om aan VKB Aandeelhouders agtergrond en verdere inligting te verskaf rakende die Voorgestelde Transaksie; en
- ✓ **moet beskou word** deur VKB Aandeelhouders as 'n basiese raamwerk van die Voorgestelde Transaksie en om die relevante prosesse rakende die Voorgestelde Transaksie in perspektief te stel.

Die regulatoriese landskap skryf 'n omvattende en spesifieke proses voor wat GWK sowel as ander rolspelers aan moet voldoen wat die Voorgestelde Transaksie aanbetref. Die besonderhede hiervan en die verwante voorgeskrewe inligting is breedvoerig uiteengesit in die Omsendbrief wat apart aan GWK Aandeelhouders versprei is.

Gegewe die hoeveelheid inligting rakende die Voorgestelde Transaksie wat in die Omsendbrief ingesluit is en die feit dat geen aksie van VKB Aandeelhouders vereis word nie, het VKB dit goedgevind om aan VKB Aandeelhouders hierdie Uitvoerende Opsomming te verskaf om inligting rakende die Voorgestelde Transaksie te kommunikeer.

Belangrik om kennis te neem:

- ✓ Hierdie Uitvoerende Opsomming is nie 'n prospektus nie en moet te alle tye tesame met die Aankondiging en die Omsendbrief gelees en oorweeg word.
- ✓ Tot die mate waarin daar enige teenstrydigheid tussen hierdie Uitvoerende Opsomming en die Omsendbrief bestaan, sal die Omsendbrief van toepassing wees. In so 'n geval moet daar nie vertroue op hierdie Uitvoerende Opsomming geplaas moet word nie, maar slegs op die Omsendbrief.
- ✓ Indien u enige navrae het oor hierdie dokument (of die proses as geheel) moet u asseblief nie huiwer om die Maatskappysekretaris van VKB te skakel by 058 863 8261 nie, alternatiewelik kan navrae per epos gerig word aan korpdienste@vkb.co.za.

INLEIDING

Die VKB Groep is 'n moderne, dinamiese landboubesigheid wat sedert sy ontstaan in 1919 voortdurend daarop fokus om oplossings vir die veranderende en uiteenlopende behoeftes van landbouprodusente en verwante belanghebbendes te bewerkstellig. GWK is 'n innoverende pionier in die landbou- en voedselwaardeketting, wat daartoe toegewy is om 'n volhoubare besigheid te bou, groei te dryf en 'n beter toekoms vir alle belanghebbendes te bied.

VKB en GWK het voorheen aangekondig dat hul in gesprekke getree het rakende 'n moontlike vennootskap en sinergieë tussen dié twee Suid-Afrikaanse landboumaatskappye. Die fokus van die gesprekke was die ontsluiting van waarde vir alle belanghebbendes van VKB en GWK, spesifiek aandeelhouders en produsente. Hierdie gesprekke was, en is steeds, onderhewig aan voldoening aan mededingingswetgewing en ander regulatoriese goedkeurings.

Beide VKB en GWK word erken as 100% beheer deur produsente deur hul huidige aandelekapitaal strukture wat aansporings bied in die vorm van jaarlikse kortings aan Bona Fide Produsente wat met VKB en GWK besigheid doen. VKB en GWK se bedrywe is meestal in verskillende geografiese streke van mekaar en dus is direkte mededinging tussen hierdie twee groepe beperk.

VOORGESTELDE TRANSAKSIE

In terme van die Voorgestelde Transaksie en onderhewig aan die voldoening van die verskeie opskortende voorwaardes tot die Voorgestelde Transaksie (soos uiteengesit in paragraaf 9.8 van die Omsendbrief) en die suksesvolle implementering daarvan, sal al die ekwiteit in GWK wat deur GWK Aandeelhouders gehou word (uitgesluit tesourie aandele en die aandele in die GWK Meganisasie Besigheid wat aan deelnemende GWK Aandeelhouders oorgedra sal word) deur VKB verkry word, in terme van die Skema.

Neem asseblief kennis dat:

- ✓ Die Skema is **alleenlik van toepassing op huidige GWK Aandeelhouders**.
- ✓ Indien die Skema deur GWK Aandeelhouders goedgekeur word, sal GWK Aandeelhouders, afhangend van elkeen se unieke aandeelhouding, 'n kombinasie van die volgende ontvang: kontant, aandele in die GWK Meganisasie Besigheid en 'n nuwe klas sekuriteite uitgereik deur VKB, naamlik die VKB Aflosbare Skuldbriewe.

Die res van hierdie Uitvoerende Opsomming is as volg verdeel:

Deel 1:	Die rasionaal vir en voordele van die Voorgestelde Transaksie (bladsy 3);
Deel 2:	Die Skema vergoeding aan GWK Aandeelhouders aangebied (bladsy 4);
Deel 3:	Implementering van die Skema (bladsy 5);
Deel 4:	Spesifieke ondernemings deur GWK en VKB (bladsy 5); en
Deel 5:	Groep strukture “Voor en Na” (bladsy 7).

Die relevante dokumente wat die gedetailleerde terme van die Voorgestelde Transaksie uiteensit soos deur wetgewing vereis en wat saam met hierdie Uitvoerende Opsomming geles moet word, sluit die volgende in:

- ✓ die gedetailleerde Aankondiging (van 8 Julie 2022); en
- ✓ die gekombineerde Omsendbrief (van 11 Julie 2022) aan GWK Aandeelhouders.

DEEL 1: DIE RASIONAAL VIR EN VOORDELE VAN DIE VOORGESTELDE TRANSAKSIE

Soortgelyke Aandelekapitaal Strukture (spesifiek die Produsente Aansporingskemas)

Beide VKB en GWK se aandelekapitaal strukture bestaan uit verskillende klasse instrumente, insluitend gewone- en voorkeuraandele, elk met spesifieke terme wat beoog om aandeelhouer deelname (bv. stemreg) en regte uiteen te sit.

Die VKB groep het 'n suksesvolle aansporingsmodel vir produsente. Hierdie model, waarvolgens 'n aansienlike deel van elke jaar se inkomste uit die landboubesigheid as aansporingskorting aan VKB se aandeelhouers toegeken word, maak die VKB groep 'n voorkeur verskaffer in sy bedieningsgebied.

GWK se huidige ekwiteit-struktuur beklemtoon 'n aansporing aan produsente wat besigheid met GWK doen in die vorm van aansporingskortings en rente betalings op GWK Aandeelhouer Lenings ingevolge GWK se huidige korting beleid. Dit is soortgelyk aan die aansporingsmodel wat deur die VKB groep gevolg word.

Potensiële Langtermyn Voordele vir VKB en GWK

- Verhoogde skaal voordele en winsgewendheid van bedrywighede (spesifiek deur diversifikasie van produkte wat aan bestaande en toekomstige produsente aangebied word) en om nuwe besigheidslyne by bestaande bedrywighede te voeg;
- Diversifikasie van risiko's as gevolg van die sikliese aard wat verband hou met die landboubedryf in die algemeen;
- Die verbetering van bedryfsdoeltreffendheid en vaartbelyning van onderskeie bedrywighede deur die gebruik van VKB en GWK se onderskeie netwerke/bedrywighede/produklyne/dienste, onderhewig aan toepaslike mededingingswetgewing en -goedkeurings;
- Die gekombineerde ontwikkeling van inligtingstegnologie stelsels sal na verwagting verdere doeltreffendheid (die uitskakeling van duplisering) en kostebesparings in 'n gekombineerde groep teweeg bring, terwyl die GWK handelsmerk en die GWK groep se teenwoordigheid in die Noord-Kaap met 'n streekkantoor in Douglas behou word;
- Posisionering van die gekombineerde groep en sy bedrywighede om te verseker dat die sleutel bates en die belange van die produsente van beide VKB en GWK behoue bly, terwyl dit terselfdertyd die benutting van hierdie bates verbeter deur die bestuur daarvan te optimaliseer; en
- Om die volhoubaarheid van beide VKB en GWK te verseker deur 'n gediversifiseerde landboubesigheid te vestig wat gebou is op die grondslag van 'n fokus op produsente, asook op innoverende en dinamiese besighede.

Potensiële Langtermyn Voordele vir aandeelhouers van VKB en GWK

- Die kombinasie van die VKB en GWK aandelekapitaal strukture, wat beide gefokus is op aansporings aan produsente ingevolge waarvan Bona Fide Produsente aangespoor word om besigheid met die gekombineerde groep te doen deur hul unieke en belynde korting beleide;
- Die aansporing-strukture en korting beleide sal binne die gekombineerde groep in plek bly, waar GWK Aandeelhouers ook in die toekoms (na eie goeddunke) aandeelhouers in VKB kan word en verdere aandeelhouersfondse kan opbou deur besigheid met die gekombineerde groep te doen, terwyl reserwes wat gerealiseer word deur die gekombineerde groep oor tyd kan verhoog gebaseer op die groter groep van produsente wat besigheid met die gekombineerde groep besigheid doen;

- Die Voorgestelde Transaksie bied 'n geleentheid vir likiditeit aan GWK Aandeelhouders deur 'n gedeeltelike kontant betaling en die hervatting van 'rotasie betalings' in die toekoms;
- GWK Aandeelhouders sal VKB Aflosbare Skuldbriewe ontvang (sien detail hieronder), welke terme in lyn is met die huidige bepalinge van die VKB klas 2 voorkeuraandeel en die GWK Aandeelhouderslenings, en sluit stemreg in ten gunste van die houer daarvan by algemene vergaderings van VKB; en
- As gevolg van eksklusiewe agentskap ooreenkomste wat in plek is, kan die GWK Meganisasie Besigheid nie deel vorm van die nuwe gekombineerde groep nie. Die GWK Meganisasie Besigheid sal dus in 'n aparte private houermaatskappy gestruktureer word, waarvan die aandele in die toekoms deur GWK Aandeelhouders gehou sal word om te verseker dat GWK produsente aanvanklik alle belange en beheer oor hierdie besigheid sal behou.

DEEL 2: DIE VERGOEDING AAN GWK AANDEELHOUDERS AANGEBIED

Waaruit bestaan die Skema vergoeding?

GWK Aandeelhouders sal die volgende ingevolge die Skema ontvang vir al sy of haar oorblywende GWK Aandeelhouer Ekwiteit:

- ten opsigte van 'n GWK Aandeelhouer wie se GWK Aandeelhouer Ekwiteit R10,000 of minder is (teen 'n Verdiskonterde Waarde), 'n kontantbedrag gelykstaande aan hierdie balans; of
- ten opsigte van 'n GWK Aandeelhouer wie se GWK Aandeelhouer Ekwiteit R10,000 (teen 'n Verdiskonterde Waarde) oorskry:
 - 'n kontantbedrag van R10,000; en
 - vir die boekwaarde van sy of haar oorblywende GWK Aandeelhouer Ekwiteit (na die oordrag van die aandele in die GWK Meganisasie Besigheid), VKB Aflosbare Skuldbriewe.

Wat is 'n VKB Aflosbare Skuldbrief?

Die VKB Aflosbare Skuldbriewe is 'n nuwe klas sekuriteite in VKB wat ingevolge die Skema uitgereik sal word, met 'n terugbetalingstydperk in lyn met dié van die GWK Aandeelhoudersfondse. Die terme van die VKB Aflosbare Skuldbriewe is ontwerp om onder meer in lyn te wees met die huidige bepalinge van die VKB klas 2 voorkeuraandeel en die GWK Aandeelhouderslenings, en sluit stemreg ten gunste van die houer daarvan by algemene vergaderings van VKB aandeelhouders in.

Wat is die gevolg van die suksesvolle implementering van die Skema?

Na die suksesvolle implementering van die Skema sal die GWK Meganisasie Besigheid 100% gehou word deur Skema begunstigdes (wat tans almal GWK Aandeelhouders is). Skema begunstigdes sal ook VKB Aflosbare Skuldbriewe hou, en GWK sal 'n volfiliaal van VKB word.

DEEL 3: IMPLEMENTERING VAN DIE SKEMA

Wie moet stem om die Skema goed te keur?

In terme van die akte van oprigting van VKB en die tipe instrument wat uitgereik word aan GWK Aandeelhouders (die VKB Aflosbare Skuldbriewe), word die goedkeuring deur VKB Aandeelhouders nie vereis nie. Slegs goedkeuring van die huidige GWK Aandeelhouders word vereis om die Skema goed te keur in terme van GWK se akte van oprigting en die Maatskappywet.

Wat is die mening van die direksies van VKB en GWK?

Die direksies van beide VKB en GWK glo dat die Voorgestelde Transaksie in die beste belang van aandeelhouders van beide VKB en GWK is, asook van ander belanghebbendes in die besighede.

Die direksies van beide VKB en GWK het die Voorgestelde Transaksie eenparig goedgekeur, en beide beveel aan dat alle GWK Aandeelhouders stem ten gunste van die Skema. Die direkteure van GWK wat belange hou in die aandelekapitaal van GWK beoog om ten gunste van die Skema te stem.

Wat is die gevolg indien die Skema nie goedgekeur word nie?

Indien die GWK Aandeelhouders nie die Skema goedkeur nie, sal die Voorgestelde Transaksie nie geïmplementeer word nie en sal die VKB en GWK groepe bly soos hul tans is.

DEEL 4: SPESIFIEKE ONDERNEMINGS DEUR GWK EN VKB

VKB en GWK het die volgende ondernemings gegee om die volhoubaarheid van die Voorgestelde Transaksie te bevorder, en die waarskynlikheid van 'n suksesvolle amalgamasie en integrasie tussen die VKB en GWK groepe te verhoog na implementering.


Ondernemings na implementering van die Skema

- Aanstelling van GWK verteenwoordigers as direkteure van VKB:
 - 3 nie-uitvoerende “wyk” direkteure vanuit die bedieningsgebied van GWK;
 - 2 genomineerde persone was as onafhanklike direkteure of kundiges sal dien; en
 - 1 GWK uitvoerende direkteur.
- Die “GWK” handelsnaam sal behoue bly vir die huidige produkte en dienste van die GWK groep, en die VKB Groep (wat GWK sal insluit) sal 'n streekkantoor in Douglas behou.
- Die kredietbeleid van VKB vir produsente in die bedieningsgebied van GWK sal verskil van die kredietbeleid in VKB se bedieningsgebied op grond van die unieke oorwegings en omstandighede in daardie bedieningsgebied (wat twee oeste per jaar insluit), maar onderhewig aan normale krediet analise, sekuriteite, kredietwaardigheid en bekostigbaarheid.
- Geen afdankings wat verband hou met die amalgamasie sal vir 'n tydperk van 18 maande na implementering van die Skema plaasvind nie.

Noodsaaklike Dienste aan GWK Produsente

- In terme van die GWK groep se operasionele en besigheidstrategie, is dit noodsaaklik vir die langtermyn groei en volgehoue sukses van die GWK groep dat toegang tot sekere noodsaaklike dienste aangebied word aan GWK se kliënte, produsente en aandeelhouders ("**Noodsaaklike Dienste**").
- So lank as wat hierdie Noodsaaklike Dienste kommersieel volhoubaar bly en die langtermyn winsgewendheid van die gekombineerde VKB en GWK groep ondersteun na die Voorgestelde Transaksie, word daar onderneem dat die volgende Noodsaaklike Dienste, onder andere, in plek sal bly:
 - Behoud van die bestaande handelstakke en beskikbaarheid van finansiële en versekeringsdienste op 'n streeksvlak;
 - Die GWK Meganisasie Besigheid moet toegang geniet tot die huidige ondersteuningsdienste en infrastruktuur (fisiese infrastruktuur en administratiewe-/ondersteuningsdienste), gebaseer op armlengte ooreenkomste;
 - Verhoudings met GWK produsente moet steeds op 'n streeksvlak onderhou word, met 'n streekkantoor op Douglas vir dienslewering in die tradisionele GWK bedieningsgebied;
 - Volgehoue toegang tot berging- en prosessering fasiliteite wat tans bestaan;
 - Die voorsiening van landboukundige dienste wat krities is tot ondersteuning aan produsente, sal behoue bly; en
 - Voortsetting van beplande brandstof opgraderings projekte.

DEEL 5: GROEPSTRUKTUUR “VOOR EN NA” DIE IMPLEMENTERING VAN DIE TRANSAKSIE



VRYWARING

Let asseblief daarop dat alhoewel hierdie Uitvoerende Opsomming dokument in goeie trou voorberei is, dit slegs vir u gerief verskaf word om aan u 'n breë oorsig van die sleutelelemente van die Voorgestelde Transaksie te gee. Dit weerspieël dus nie die volle detail van alle aspekte van die Voorgestelde Transaksie nie en is nie 'n prospektus nie. VKB, GWK en hul onderskeie adviseurs aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies of skade (hetsy direk of indirek) wat gely is deur enige vertrouwe op hierdie Uitvoerende Opsomming nie, of sodanig ontstaan uit enige weglating, teenstrydigheid, enige onakkuraatheid met betrekking tot enige van die dokumente verwant aan die Voorgestelde Transaksie, of andersins nie.

AANHANGSEL A: WOORDELYS

Term	Beskrywing
A Voorkeur Aandele	Klas A voorkeur aandele sonder pari waarde in GWK.
Aankondiging	Die vaste voorneme aankondiging deur die Onafhanklike Raad uitgereik aan GWK Aandeelhouders op 8 Julie 2022.
Bona Fide Produsente of BFP'e	Bona fide kommersiële landbou produsente.
Gewone A Aandele	Klas A gewone aandele met 'n R1.00 pari waarde in GWK.
GWK	Griekwaland Wes Korporatief Beperk.
GWK Aandeelhouders	Aandeelhouders van GWK.
GWK Aandeelhouer Ekwiteit	Gesamentlik die Gewone A Aandele en die GWK Aandeelhouer Fondse.
GWK Aandeelhouer Fondse	Gesamentlik die A Voorkeur Aandele en GWK Aandeelhouer Lenings.
GWK Aandeelhouer Lenings	Die lenings verskuldig deur GWK aan GWK Aandeelhouders, wat ontstaan het uit kortings deur GWK verklaar.
GWK Meganisasie Besigheid	Die meganisasie besigheid wat tans 'n divisie in GWK is.
Huidige GWK Akte van Oprigting	Die huidige akte van oprigting van GWK.
Maatskappywet	Maatskappywet, Nr. 71 of 2008.
Omsendbrief	Die gekombineerde aanbod omsendbrief wat op 11 Julie 2022 aan GWK Aandeelhouders versprei is.
Skema	Die aanbod in terme waarvan al die ekwiteit in GWK (uitgesluit tesourie aandele en die aandele in die GWK Meganisasie Besigheid wat aan deelnemende GWK Aandeelhouders oorgedra word) deur VKB verkry sal word by wyse van 'n reëlinskema in terme van artikel 114 van die Maatskappywet.
Spesiale Vergadering	Die spesiale vergadering van GWK Aandeelhouders om die relevant resolusies te oorweeg en oor te stem wat verband hou met die Voorgestelde Transaksie.
VKB	VKB Beleggings Eiendoms Beperk.
VKB Aandeelhouders	Aandeelhouders van VKB.
VKB Aflosbare Skuldbriewe	"Skuld instrumente" soos beoog in artikel 43 van die Maatskappywet, wat deur VKB uitgereik sal word, met die hoof terme en voorregte soos in die Omsendbrief uiteengesit.
Voorgestelde Transaksie	Die voorgestelde fundamentele transaksie wat bestaan uit die Skema en sekere stappe om voor te berei vir die Skema.